**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 28 MEI 2026 OM 10:00**

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd J M de Beer

**RAADSLEDE:**

Bess, D G (DA)
Booysen, A M (VF$^{+}$)
Gaika, M F (EFF)
Jooste, R J (DA)
Le Minnie, I S (DA)
Nel, M (DA)
Ngozi, M (ANC)
O'Kennedy, E C (DA)
Papier, J R (GOOD)
Penxa, B J (ANC)
Pieters, C (ANC)
Pypers, D C (DA)
Smit, N (DA)
Soldaka, P E (ANC)
Van Essen, T (DA)
Vermeulen, G (VF$^{+}$)
Warnick, A K (DA)
Williams, A M (DA)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H Witbooi
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

**1. OPENING**

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede, amptenare en lede van die publiek.

Rdd J M de Beer open die vergadering met gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker dra sy seënwense, namens die Raad, oor aan raadslede en amptenare wat die afgelope tyd verjaar het.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C Fortuin en die Direkteur: Elektriese Ingenieurdienste, mnr T Möller.

**3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS**

Geen.

**4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING**

**4.1 NOTULE VAN 'N RAADSVERGADERING GEHOU OP 30 APRIL 2026**

Besluit/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

Dat die notule van ‘n Gewone Raadsvergadering gehou op 30 April 2026 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word, onderhewig daaraan dat rdl A M Booysen as aanwesig aangeteken word.

**5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

**5.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 15 APRIL 2026**
saamgelees met

**NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 8 APRIL 2026**

**6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

**6.1 NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 22 APRIL 2026**
**6.2 NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 6 MEI 2026**

**7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen.

**8. SAKE VIR BESPREKING**

**8.1 2026 GEWYSIGDE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN AREAPLANNE (2/1/4/4/1)**
[Nota: Op versoek van die rdl B J Penxa word goedkeuring deur die Speaker verleen aan die ANC-raadslede om die lokaal te verlaat vir ‘n koukus-vergadering. Die vergadering hervat na ±10 minute.]

Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) van ‘n munisipaliteit dien as die hoof strategiese plan wat handel met die mees kritieke ontwikkelingsbehoeftes in die munisipale area (eksterne fokus), sowel as die mees kritieke bestuursbehoeftes van die organisasie (interne fokus).

Die hersiening van die GOP en gepaardgaande proses word deur verskeie wetgewende vereistes gereël.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word die goedkeuring van die 2026 gewysigde GOP beslis (in die afwesigheid van een raadslid en een vakature op die Raad) met 17 stemme ten gunste daarvan en vier raadslede wat buite stemming bly.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl G Vermeulen)

(a) Dat daar kennis geneem word van die publieke insette soos ontvang (aanhangsels 3 en 4), welke insette deur die Begrotingsbeheerkomitee en Uitvoerende Burgemeesterskomitee oorweeg is, en dat goedgekeur word dat daar volstaan

word met die kommentaar weens die finansiële beperkinge en uitdagings soos vervat in die begrotingsverslag (Item 8.2, paragraaf a);

(b) Dat die 2026 Gewysigde Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir die Swartland munisipale gebied, sowel as die vyf Areaplanne vir 2026/2027 deur die Raad in terme van Hoofstuk 5 van die Wet op Munisipale Stelsels Nr 32 van 2000 goedgekeur word;

(c) Dat die wetlike proses, soos voorgeskryf in die Wet op Munisipale Stelsels Nr 32 van 2000, die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur Nr 56 van 2003 en die Munisipale Begroting en Verslagdoening Regulasies, 2009, afgehandel word na goedkeuring van die GOP deur die Raad.

**8.2 GOEDKEURING VAN DIE FINALE MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFS-BEGROTINGS, FINALE BEGROTINGS- EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMS-BELASTING, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2026/2027, 2027/2028 EN 2028/2029 (5/1/1/1, 5/1/1/2)**

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas, om sy vyfde Begrotingsrede (*State of the Municipal Address*) as Uitvoerende Burgemeester van die Swartland Munisipale Raad te lewer (sien aangeheg vir volledigheidshalwe).

Die Uitvoerende Burgemeester noem, as inleiding tot die Begrotingsrede, dat 'n begroting aangebied word wat gebaseer is op verantwoordelikheid, dissipline en empatie met die werklikhede waarmee inwoners daagliks gekonfronteer word. Dit is nie ‘n begroting gebaseer op buitensporige tariefverhogings en leë beloftes nie. Daar is spesifiek klem op die volgende aspekte gelê:
(1) Befondsde en finansieel verantwoordelike begroting;
(2) Investering in toekomstige infrastruktuur;
(3) Water sekerheid;
(4) Elektrisiteit sekerheid, ingesluit die konstruksie van die De Hoop Substasie;
(5) Bekostigbare tariewe;
(6) Ondersteuning aan die armste van die armes;
(7) Ondersteuning aan ekonomiese groei en investering;
(8) Veiligheid.

Die Uitvoerende Burgemeester, met verwysing na Artikel 23 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA), bevestig dat daar deeglike oorweging verleen is aan die insette wat ontvang is gedurende die publieke deelname proses.

Die goedkeuring van die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegrotings, gewysigde begrotingsverwante beleide, heffing van eiendomsbelasting, tariewe en ander heffings vir 2026/2027, 2027/2028 en 2028/2029 word tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van een raadslid en een vakature op die Raad) met 15 raadslede ten gunste daarvan en ses raadslede wat buite stemming bly.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat, nadat alle insette **(Annexure A, Inputs received on Draft Budget)** wat ontvang is teen 22 April 2026 deeglik oorweeg is, ingesluit die insette ontvang tydens die Burgemeester Raadgewende Forumvergadering gehou op 15 April 2026, ***die Munisipaliteit se posisie/reaksie op die formele insette gehandhaaf word waar geen wysigings aangebring kon word nie, maar dat die volgende wysigings*** (tensy anders hieronder vermeld) ***aan die finale MTREF begroting te weeg gebring word, soos toegelaat deur artikel 23 van die MFMA:***
  i. Dat R2.5 miljoen ingevolge prioriteit toegewys word na die Swartland Bulk WTW’s and Conveyance Upgrade/Renewal and Capacity extension;
  ii. Dat ongeveer R7 miljoen toegevoeg word vir addisionele kapitaalprojekte wat voortspruit uit Burgemeester- en Publieke insette;

iii. Dat die gepubliseerde konsep elektrisiteitstariewe wat ‘n verhoging van 11.44% voorgestel het, nou beperk word tot ‘n gemiddelde van tussen 8.26% tot 8.37% vir residensiële verbruikers met die gevolg dat die inkomste verder verlaag met R17.3 miljoen en meebring dat die elektrisiteitsdiens vir 2026/2027 teen ‘n verlies van R32 miljoen gelewer word;
iv. Dat geen verdere verhoging in die afslag op eiendomsbelasting moontlik is nie weens die verminderde inkomste as gevolg van voorgestelde afslag en dat die afslag van R400 000 gehandhaaf word;
v. Dat die mees optimale befondsing-samestelling slegs bepaal kan word in lyn met die raad se langtermyn finansiële en dienslewering volhoubaarheidstrategie, wanneer die vordering met beplanning van die Swartland Bulk WTW sodanig is dat dit ingeligte holistiese finansiële besluitneming moontlik maak.

(b) Dat die Munisipale Bestuurder deur die Raad gemagtig word om tydens die 2026/27 halfjaarlikse prestasie evaluering, finansiering te prioritiseer vir kritiese diensleweringsposte gegewe die uitbreiding van huishoudings en ontwikkelings in die Swartland regsgebied;

(c) Dat die Raad kennis neem van die evaluering ontvang vanaf die Provinsiale Tesourie (SIME-verslag) wat handel met die konsep MTREF **(Annexure A, Inputs received on Draft Budget)**;

(d) Dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste aandag gee aan die Koste van Voorsieningstudie vir Water- en Sanitasie Dienste, ingesluit Vullisverwyderings-dienste;

(e) Dat kennis geneem word dat, gebaseer op die jongste riglyne vanaf NT, die kapitaaluitgawe vir die opgradering van die elektrisiteitsvoorsiening wat verband hou met die Eskom-gedeelte van die toevoer na die De Hoop-substasie, nou as ‘n bedryfsuitgawe beskou word en die toelae-finansiering as ‘n konstruksie-kontrak-inkomste. Die substasie projek sal, gebaseer op kommunikasie wat op 11 Maart 2026 vanaf die DEE ontvang is, gedeeltelik deur INEP (R14 278 000) befonds word wat ‘n tekort te weeg bring van R44 672 748 wat deur die Raad gefinansier moet word, wat meebring dat die elektrisiteitsdiens teen ‘n verlies van ±R15 miljoen vir die 2026/2027 finansiële jaar gelewer word, aangesien die Raad nie die publiek met hierdie addisionele kontant-uitvloei wil belas nie, asook ‘n verdere verlies van omtrent R17 miljoen weens die 11.44% elektrisiteitsverhoging wat verlaag is na tussen 8.26% - 8.37% vir residensiële verbruikers;

(f) Dat die Raad goedkeuring verleen vir oorbruggingsfinansiering ten bedrae van R15 505 200 vir sekere elektriese infrastruktuur kapitaalprojekte **(De Hoop R3 685 200, Moorreesburg R6 660 000 en Darling R5 160 000)**, befonds deur die CRR, weens die tydsberekening van die INEP-toelae wat mag verskil van die Munisipaliteit se finansiële jaar in die konteks van goedkeuring van befondsing deur die Departement en implementering van projekte in die munisipale konteks;

(g) Dat die Raad kennis neem dat die projek koste soos beoog deur Artikel 19 (2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wat die koste bevestig het soos per **(Annexure B: 2026/2027 – 2028/2029 Final Budget and Tariff File)** en as sulks goedkeur;

(h) Dat die Raad voor die goedkeuring van die finale kapitaal projekte bo R 50 miljoen soos gelys in **(Annexure C: 2026/2027 – 2030/2031 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde kostes wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg;

(i) Dat die Raad en publiek kennis neem dat die beplanning vir drie (3) groter infrastruktuurprojekte oor die nuwe MTREF, soos hieronder gelys, nie die beplande kontantvloei sal verminder totdat daar werklike spandering in jaar 3 van die MTREF en daarna plaasvind nie. Die kontantvloeibegrotingskedules toon dat die kontantsaldo’s toeneem, terwyl dit nog nie beduidende kontantuitvloei ten

opsigte van die projekte weerspieël nie, gegewe die beperkings in die formules van die NT-begrotingskedules, in vergelyking met die vereiste wat op munisipaliteite geplaas word deur die LTFP en CEF om inkomste modellering oor 'n 5-10-jaar tydperk te doen;

1) Swartland Watersuiweringswerke wat die OPGRADERING van die suiweringswerke by die VOëLVLEIDAM behels – Hierdie projek sal die behandelingsskapasiteit van die Swartland Watersuiweringswerke verhoog vanaf 27ml per dag tot 40ml per dag om aan die bestaande piek- en toekomstige wateraanvraag te voldoen. Uitklaring rakende die omvang van die projek, detail ontwerp en omgewingsmagtiging sal gedurende die 2026/2027 en 2027/2028 finansiële jare afgehandel word waarna die konstruksiefase sal volg vir 'n beraamde periode van 36 maande. Die beraamde koste vir die projek beloop R250 miljoen;

2) Swartland Watersuiweringswerke en die Kasteelberg Reservoirs – Die projek behels die opgradering van die grootmaat waterpyplyn tussen die Swartland Watersuiweringswerke en die Kasteelberg Reservoirs. Die kapasiteit van voorsiening van die bestaande pyplyn moet uitgebrei word om in die verhoogde piek- en toekomstige wateraanvraag te voorsien. Dit is die voorneme om 'n nuwe pyplyn langsaan die bestaande pyplyn aan te lê. Uitklaring rakende die omvang van die projek, identifisering van die roete van die pyplyn, onderhandelinge met grondeienaars, omgewingsmagtiging en gedetailleerde ontwerp sal gedurende die 2026/2027 en 2027/2028 finansiële jare gefinaliseer word, waarna die konstruksiefase sal volg vir 'n beraamde tydperk van 24 maande. Die beraamde koste vir die projek beloop rondom R300 miljoen.

3) Darling Rioolsuiweringswerke – Hierdie projek sal die behandelingskapasiteit van die Darling Rioolsuiwerings-werke verhoog vanaf 1.9ml per dag na 4.0ml per dag. Dit gebeur dikwels dat dié werke oorlaai word en die behandelingskapasiteit oorskry word. Die opgradering is dus nodig om aan die toekomstige aanvraag te voldoen. Die omvang van die projek, detail ontwerp en omgewingsmagtiging sal gedurende die 2026/2027 en 2027/2028 finansiële jare afgehandel word, waarna die konstruksiefase sal volg vir 'n beraamde tydperk van 36 maande. Die beraamde koste vir die projek beloop R91.5 miljoen.

(j) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale finale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 7 projekte bo R 50 miljoen soos gelys in **(Annexure C: 2026/2027 – 2030/2031 Capital Projects ito Sec 19)** aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek sal word deur óf belasting en/of die normale kostesentrums gekoppel aan daardie dienste soos in die bedryfsbegroting;

(k) Dat die Raad kennis neem dat van die 7 projekte, die volgende 2 projekte (Swartland Bulk Water Conveyance and WTW's: Upgrade and Extension) in die aanvanklike uitvoerbaarheids- en beplanningsfase is, wat beteken dat dit op hierdie stadium nie moontlik is om toekomstige kostes wat 'n impak op die begroting/s sal hê kan bepaal nie en die Raad dus slegs kennis neem van hierdie projekte, wat eers vir tenders in daaropvolgende begrotingsprosesse goedgekeur kan word. Die impak van hierdie 2 projekte in die konteks van Artikel 19 van die MFMA kon nog nie gefinaliseer word en derhalwe bepaal word hoe die tariewe buite die MTREF periode beïnvloed sal word nie;

(l) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die raad se finale kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geoormerk is nie;

Tabel/...

8.2/...

| FINANCING SOURCES | FINAL BUDGET 2026/27 | FINAL BUDGET 2027/28 | FINAL BUDGET 2028/29 |
|---|---|---|---|
| Capital Replacement Reserve (CRR) | R 153 403 305 | R 179 661 565 | R 221 719 078 |
| Municipal Infrastructure Grant (MIG) | R 25 680 000 | R 28 129 000 | R 28 907 000 |
| Dept. of Infrastructure | R 41 355 000 | R 63 000 000 | R 71 785 000 |
| Integrated National Electrification Programme (INEP) | R 29 859 000 | R 21 811 000 | R 22 797 000 |
| LG Financial Management Grant (FMG) | R 60 000 | R - | R - |
| Dept. Cultural Affairs and Sport | R 121 739 | R 43 478 | R 43 478 |
| | | | |
| GRAND TOTAL | R 250 479 044 | R 292 645 043 | R 345 251 556 |

(m) Dat die Raad die finale kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per **(Annexure B: 2026/2027 – 2028/2029 Final Budget and Tariff File)**;

(n) Dat die volgende finale totale uitgawes per departement (per direktoraat) goedgekeur word, wat insluit beide bedryfs- en kapitale uitgawes per direktoraat (VOTE), ten einde departemente in staat te stel om pro-aktief ongemagtigde uitgawes te voorkom;

| 2026/27 MTREF | Capital Expenditure by Vote | | | Operating Expenditure by Vote | | | Total Expenditure by Vote | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R thousands | 2026/27 | 2027/28 | 2026/27 | 2026/27 | 2027/28 | 2026/27 | 2026/27 | 2027/28 | 2026/27 |
| Vote 1 - Corporate Services | 354 | 277 | 229 | 52 875 | 55 508 | 58 776 | 53 229 | 55 785 | 59 005 |
| Vote 2 - Civil Services | 129 241 | 155 723 | 200 358 | 426 905 | 449 915 | 491 638 | 556 146 | 605 638 | 691 996 |
| Vote 3 - Council | 132 | 12 | 12 | 26 563 | 27 563 | 28 589 | 26 695 | 27 575 | 28 601 |
| Vote 4 - Electricity Services | 60 658 | 72 466 | 70 992 | 710 009 | 676 879 | 750 134 | 770 667 | 749 345 | 821 127 |
| Vote 5 - Financial Services | 986 | 434 | 525 | 94 818 | 100 835 | 107 583 | 95 803 | 101 269 | 108 108 |
| Vote 6 - Development Services | 49 895 | 63 094 | 71 883 | 216 463 | 103 049 | 156 644 | 266 358 | 166 143 | 228 527 |
| Vote 7 - Municipal Manager | 12 | 12 | 12 | 12 160 | 12 574 | 13 392 | 12 172 | 12 586 | 13 404 |
| Vote 8 - Protection Services | 9 202 | 627 | 1 240 | 141 283 | 152 076 | 163 449 | 150 484 | 152 703 | 164 689 |
| Grand Total | 250 479 | 292 645 | 345 252 | 1 681 076 | 1 578 399 | 1 770 206 | 1 931 555 | 1 871 044 | 2 115 457 |

(o) Dat die finale hoë-vlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die **2026/2027 – 2028/2029** finansiële jare goedgekeur word, in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19 van die MFMA;

| | **Oorspronklike Begroting 2025/2026** | **Half-Jaar Aansuiwerings begroting 2025/2026** | **Finale Begroting 2026/2027** | **Finale Begroting 2027/2028** | **Finale Begroting 2028/2029** |
|---|---|---|---|---|---|
| Kapitaalbegroting | 293 798 527 | 280 050 142 | 250 479 044 | 292 645 043 | 345 251 556 |
| Bedryfsuitgawes | 1 458 809 231 | 1 515 384 860 | 1 681 075 756 | 1 578 398 645 | 1 770 205 740 |
| Bedryfsinkomste | 1 606 490 727 | 1 725 538 886 | 1 782 975 897 | 1 785 672 327 | 1 988 666 820 |
| **Begrote (Surplus)/ Tekort** | **(147 681 496)** | **(210 154 026)** | **(101 900 141)** | **(207 273 683)** | **(218 461 080)** |
| Minus: Kapitaal Toekennings | 120 565 734 | 141 838 438 | 96 984 000 | 112 990 000 | 123 539 000 |
| **(Surplus)/ Tekort** | **(27 115 762)** | **(68 315 588)** | **(4 916 141)** | **(94 283 683)** | **(94 922 080)** |

(p) Dat daar goedkeuring verleen word vir die kennisgewing ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 ten opsigte van die heffing/implementering van finale eiendomsbelastingkoerse, vrystellings en afslag op eiendomme soos gespesifiseer in die onderstaande skedule en in die eiendomsbelastingbeleid vir die 2026/2027 finansiële jaar;

| **Category of property** | **Rate ratio** | **Cent amount in the Rand rate** |
|---|---|---|
| Residential properties | 1: 1 | 0.005831 |
| Business and Commercial properties | 1: 1,6671 | 0.009721 |
| Industrial properties | 1: 1,6671 | 0.009721 |
| Agricultural properties | 1: 0,25 | 0.001458 |
| Mining properties | 1: 1,6671 | 0.009721 |
| Public Service Infrastructure | 1: 0,25 | 0.001458 |
| Properties owned by an organ of state and used for public service purposes | 1: 1,6671 | 0.009721 |
| Public Benefit Organisations | 1: 0 | 0.00 |
| Vacant properties | 1: 1,4965 | 0.008726 |
| Municipal properties | 1: 0 | 0.00 |
| Conservation Areas | 1: 0 | 0.00 |
| Protected Areas | 1: 0 | 0.00 |
| National Monuments | 1: 0 | 0.00 |
| Informal Settlements | 1: 0 | 0.00 |

**Exemptions and Reductions**

- **Residential Properties:** For all residential properties, the municipality will not levy a rate on the first R15 000 of the property's market value. The R15 000 is the statutory impermissible rate as per section 17(1)(h) of the Municipal Property Rates Act.

**Rebates in respect of a category of owners of property are as follows:**

- **Indigent owners**: 100 per cent rebate will be granted to registered indigent owners in terms of the Indigent Policy to a maximum valuation of R105 000;

- **Qualifying senior citizens, qualifying Indigent owners and disabled persons**: A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R400 000 for the 2026/2027 financial year.

**NB:** Please refer to the municipality's property rates policy in respect of all rebates offered.

(q) Dat die Raad die eiendomsbelastingkoerse, tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool, elektrisiteit en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure B: 2026/2027 – 2028/2029 Final Budget and Tariff File)** goedkeur as finaal;

(r) Dat die Raad die voorgestelde elektrisiteitstariewe as finaal goedkeur vir die 2026/2027 finansiële jaar;

(s) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in **(Annexure D: Budget Report and A-Schedules 2026/2027 – 2028/2029)** goedgekeur word;

(t) Dat **die wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide soos vervat in **(Annexure E: Final Amended Budget & Related Policies 2026/2027)**, goedgekeur word as finaal;

(u) Dat die Raad kennis neem dat enige wysigings aan die begrotingsverwante beleide ten opsigte van delegasies na afloop van die goedkeuring van die finale begroting sal plaasvind;

(v) Dat die opleidingsbegroting van rondom R 1 862 747 (eie befondsing) vir die 2026/2027 finansiële jaar as finaal goedgekeur word;

(w) Dat die Raad kennis neem van die verhogings van senior bestuur en personeel, wat op nasionale vlak onderhandel en bepaal word:

- Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **4.75%** vir 2026/2027; **5.25%** vir die 2027/2028 en **5.25%** vir 2028/2029 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,415% kerfverhoging waar van toepassing;

- Daar is voldoende begroot vir alle salarisaanpassings;

- Voorsiening is gemaak vir 'n **3%** verhoging volgens die NT-riglyne vir politieke ampsbekleërs.

(x) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfssurplusse en dat die begroting “kontant gefinansier” word as gevolg van die kontantreserwes in tabel A8, die totale groei in uitgawes van **10.9%** vanaf die huidige na die nuwe finansiële jaar en die inkomstebronne met 'n groei in inkomste van **6.5%** (**kapitale toekennings uitgesluit**) vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per **(A-schedule: A7)** vir die volgende drie finansiële jare;

- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **5.7 maande** vir 2026/27, **6.9 maande** vir 2027/28 en **9.7 maande** vir 2028/29;

- oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so ‘n aard dat die verwagte netto bedryfsurplusse **(kapitale toekennings inkomste uitgesluit)** vir 2026/27, ‘n bedrag van **R 4 916 141**, vir 2027/28 ‘n bedrag van **R 94 283 683** en vir 2028/29 ‘n bedrag van **R 94 922 080** beloop;

(y) Dat die Raad kennis neem dat die omvattende inkomstemodelleringsoefening ‘n proporsie insluit vir groei, gegewe die tendens van verhoogde huishoudelike verbruik en groei in dienste aansluitings;

(z) Dat die Raad kennis neem dat die begroting opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 7.1 soos vereis deur Nasionale Tesourie en let op die verskeie funksionele beperkings in die finansiële stelsel;

(aa) Dat die Raad kennis neem van die inhoudelike van die Provinsiale- en Nasionale Tesourie se Begroting-Omsendbriewe, waar moontlik, soos aangeheg in “**Annexure F: Budget Circulars”**;

(bb) Dat die Hoof Finansiële Beampte voldoen aan die vereistes van die Begrotingsformate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(cc) Dat die Raad kennis neem van die vordering met mSCOA soos aangedui op die *mSCOA-roadmap* **“Annexure G: mSCOA Roadmap”**, as gevolg van uitdagings met die funksionaliteit van die finansiële stelsel wat veroorsaak word deur die voortdurende wysiging aan die *mSCOA-chart*.

**8.3 HERSIENING VAN STELSEL VAN DELEGASIES (2/5/1, 2/5/2)**

Artikel 59 van die Munisipale Stelselswet bepaal dat 'n Raad 'n Stelsel van Delegasies (SOD) moet ontwikkeling en onderhou wat administratiewe en operasionele doeltreffendheid optimaliseer.

Die aanhangsels tot die sakelys behels die vierde hersiening van die Stelsel van Delegasies wat op 16 November 2021 deur die Raad aanvaar is.

Die voorgestelde hersiening van die Stelsel van Delegasies is tydens ‘n Uitvoerende Burgemeesters-komiteevergadering gehou op 20 Mei 2026 oorweeg vir aanbeveling aan die Raad.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

(a) Dat die voorgestelde wysigings aan die Raad se Stelsel van Delegasie (5$^{de}$ hersiening) soos vervat in Aanhangsels A en B goedgekeur word;

(b) Dat kennis geneem word dat geen materiële wysigings aan die Stelsels van Delegasies van die Uitvoerende Burgemeester, die Munisipale Bestuurder en die Hoof Finansiële Beampte aangebring is nie, behalwe vir geringe wysigings betreffende postitels en die besonderhede van nuwe posbekleërs;

(c) Dat kennis geneem word dat geen wysigings aangebring is aan die Artikel 53 Roluitklaring vir politieke strukture, politieke ampsbekleërs en die Munisipale Bestuurder nie, welke dokument deel uitmaak van die Stelsel van Delegasie.

**GETEKEN:**
**SPEAKER**